**GESAMENTLIKE PERSVERKLARING: ONDERSOEKDIREKTORAAT TEEN KORRUPSIE (IDAC) EN DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS (SARS)**

# MAATSKAPPYDIREKTEUR GEVONNIS VIR R3.6 MILJOEN SE BELASTINGBEDROG

**Tshwane, 9 Desember 2025** - Die ondersoekdirektoraat teen korrupsie (IDAC), in samewerking met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en ander wetstoepassingagentskappe, het ses jaar direkte gevangenisskap, met twee jaar opgeskorte vonnis, vir Tshepo Khoza verseker in 'n belastingbedrogsaak wat nagenoeg R3.6 miljoen behels, gekoppel aan sistemiese bedrog binne regeringsaankopeprosesse.

Tshepo Khoza, direkteur van Grey Apple Trading Enterprise (Pty) Ltd., is skuldig bevind op drie aanklagte van bedrog, waarvan een onder die skedule 5-kategorie (ernstige misdrywe) val en een aanklagte van versuim om vir belasting op toegevoegde waarde (BTW) te registreer wat ‘n oortreding van artikel 234 van die Wet op Belastingadministrasie is.

Die skuldigbevinding volg na omvattende ondersoeke onder Project Blue Lights, wat oopgevlek het dat Grey Apple Trading Enterprise tenders van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ontvang het, gekoppel aan die DNA-projek wat onder die FSL-eenheid (forensiese wetenskaplaboratorium) val. Hierdie tenders is toegeken as gevolg van Khoza se familiebande met 'n senior SAPD-beampte. Ongeag daarvan dat Khoza tussen 2015 en 2018 nagenoeg R3.6 miljoen verdien het, het hy die maatskappy valslik as rustend verklaar en versuim om inkomste aan SARS te verklaar. Die korrupsieverhoor waarin hy saam met ander aangekla word sal op 22 Februarie 2026 voortgesit word.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter, tesame met die hoof van IDAC, adv. Andrea Johnson, het erkenning gegee aan die spanwerk wat tot hierdie skuldigbevinding gelei het, wat die publiek se vertroue in gesamentlike pogings, om belastingnakoming te handhaaf en korrupsie te beveg, versterk.

"*Belastingbedrog is nie 'n slagofferlose misdaad nie. Dit is diefstal teenoor die nasionale fiskus en uiteindelik teenoor die miljoene Suid-Afrikaners wat op regeringsdienste staatmaak vir onderwys, gesondheidsorg en maatskaplike ondersteuning. Elke rand wat deur bedrieglike skemas gesteel word kniehalter ons land se vermoë om sy grondwetlike mandaat na te kom. SARS sal sulke optrede nie duld nie. Ons sal elke saak onverpoos najaag, en diegene wat kies om die stelsel te bedrieg moet weet dat toerekenbaarheid onvermydelik is en geregtigheid sal seëvier*," het Kieswetter gesê.

Hierdie uitslag toon die doeltreffendheid van gekoõrdineerde pogings tussen SARS, IDAC en wetstoepassingagentskappe om belastingverwante misdade en korrupsie in openbare aankope te bekamp. Die saak vorm deel van 'n breër strategie om netwerke te ontmantel wat fiskale integriteit en publieke vertroue ondermyn. Dit kommunikeer ons onwrikbare toewyding om diegene wat kies om ons regering te bedrieg, tot verantwoording te roep.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za en IDAC-woordvoerder Henry Mamothame by 082 317 5731.